## 4 – 40 Dae Omgeepapier 1 – 7 Oktober 2023

**1 Petr 3: 8-22. Tema: Bly Hoop op Jesus, ten spyte van Onregverdigheid**

1. **Lees 1 Petrus 3: 8 en 9;  Petrus sê ons moet ”almal eensgesind, meelewend, vol broederliefde, vol ontferming (wees) -  nederig, mense wat nie kwaad met kwaad vergeld, of skeldtaal met skeldtaal (dws vloek) nie, maar inteendeel, (ons moet ) mense wees wat seën, omdat ons daartoe geroep is...”**

2. **As ons sou dink Petrus is darem onrealisties, naïef, om dit van ons te verwag in hierdie moeilike tye van vandag – lees wat sê JESUS, ons Here, in Luk 6:27-36, en Matt 5:44-48!**

3. **Lees 1 Petrus 3:14-17. Petrus sê dat óns nie moet terugdeins vir die aanslae van die wêreld om ons nie. Lees hoe het ander gelowiges sulke aanslae hanteer:**

    - **Daniel 6:6-29**
    - **Koning Hiskia – 2 Konings 19:1, 14-16; 32-36**

4. **Het jy al die hooftaak (Lees 1 Petrus 3:9b) wat die Here jou opgelê het as kind van die Here, aanvaar?!**
   **(As jy wonder of dit die moeite werd is, lees wat belowe die Here aan jou in Numeri 6:24-27)**

5. **Vir watter onregverdighede, onregte, konflikte moet ons bid? Waarvoor kan ons dankie sê?**